UIT DIE DIAKENBANK

Sondag 27 Mei 2018

1 Korintiërs 12:7 – Aan elkeen afsonderlik word 'n werking van die Gees gegee tot voordeel van almal

Kollekte tydens vandag se nagmaal

Vandag se kollekte onder die diens gaan aan die Rooiwal-gemeente wat ernstige finansiële druk ervaar in die moeilike ekonomiese omstandighede waarin baie in die gemeente hulleself bevind. U ruimhartige bydrae word gevra.

Skaapbraai!!!

Onthou julle hoe lekker dit was toe die Diakonie 'n paar jaar gelede 'n mal perd opgesaal het en binne drie weke 'n skaapbraai gereël en gehou het? Vanaf 6h00 die Sondagoggend was die Skaapspan op die terrein. Gewapen met voorskote, spuite vol sous om die lammers in te spuit en kwaste om die boude en ribbetjies te smeer, het kort daarna 5 braaiende lammers die heerlikste geure versprei! Susters in die kombuis het slaaie aanmekaar geslaan, bykosse in die oonde warm gemaak en poeding versorg. En toe is daar na nagmaal gekuier soos nog nooit tevore nie! Dis terug 'by popular demand', soort van, dit gaan van u afhang….

Ons wil graag weer 'n skaapbraai hou Sondag na die Augustus-nagmaal. Die doel van die funksie is om weer so lekker te kuier, maar ons sal ook baie graag fondse ter verstewiging van die Diakonie se Barmhartigheidsfonds wil insamel. Daarvoor benodig ons 'n paar borge. Met hierdie skrywe toets ons die uitvoerbaarheid en vra of u kan aandui hoe u sal kan bydrae. Vul asb. die skeurstrokie in en gooi dit in die kollektesak. Navrae kan gerig word aan Diaken Yoanne Penning by 083 706 2758.

<u>Skaapbraai Sondag 26 Augustus 2018</u>

Ek is bereid om 'n skaap/skape te skenk. Aantal: ☐

Ek sal graag 'n kontantbydrae maak. Bedrag: ☐

Enige ander manier hoe u betrokke wil wees:_____

Naam: _____ Kontaknommer:_____